

KOMMISSIEMODEL VIR LEDEWERWING

1. Bestaande model

Aansporing vir lede werwing bestaan tans uit een jaar gratis lidmaatskap vir die persoon wat die werwing doen, vir tien (10) of meer lede gewerf per jaar plus 'n sertifikaat wat tydens die Kongres oorhandig word. Vir die werwing van meer as 10 lede was daar tot dusver geen verdere aansporing nie.

2. Voorgestelde Model

Die volgende model van aansporing vir lede werwing is deur die Raad Goedgekeur:

Lede en/of aangestelde "agente" en/of Takke soos volg beloon word vir die werf van nuwe lede vir SA Jagters:

Gewone lede (26 tot 65)

Vir elke gewone lid gewerf sal 'n eenmalige kontantbedrag soos hieronder uiteengesit: betaal word.

- 1 tot 50 lede per finansiële jaar – R100 per lid (minimum 10 lede)
- 51 tot 100 lede per finansiële jaar – R125 per lid
- 101 en meer lede per finansiële jaar – R150 per lid

Jong volwassenes (18 – 25)

Vir elke jong volwasse lid gewerf sal 'n eenmalige kontantbedrag soos hieronder uiteengesit betaal word.

- 1 tot 50 lede per finansiële jaar – R50 per lid (minimum 10 lede)
- 51 tot 100 lede per finansiële jaar – R60 per lid
- 101 en meer lede per finansiële jaar – R75 per lid;

3. Voorwaardes

Kommissie sal bereken en betaal word onderhewig aan die volgende voorwaardes

1. Minstens tien (10) lede moet per finansiële jaar gewerf word om te kwalifiseer vir die aansporingskema.
2. Geen kommissie sal betaal word vir die werf van Junior Lede, Gesinslede of Senior Lede nie.
3. Kommissie sal slegs betaalbaar raak aan die lid of agent of Tak nadat tien (10) lede gewerf is en dan sal die kommissie bereken en betaal word vanaf die eerste nuwe lid gewerf. Let wel of die tak of die individue sal die kommissie kry, nie beide nie.
4. Die minimum vereiste van tien (10) lede gewerf kan 'n kombinasie wees van die bogenoemde twee kategorieë.
5. Die kommissie betaalbaar sal bereken word volgens die getal nuwe lede gewerf per kategorie van die gewerfde nuwe lede.
6. Die aansporingskema is nie van toepassing op die werf van geblokte of agterstallige lede nie, dus slegs op nuwe lede; gewerf.
7. Die Aansoekvorm vir lidmaatskap moet behoorlik en volledig en duidelik leesbaar voltooi word, met die persoon wat die nuwe lid werf se lidmaatskapnommer of agent nommer duidelik bo-aan die aansoek aangebring vir verwysing en kwalifisering vir kommissie.
8. Die kommissie sal per finansiële jaar bereken en betaal word vir jare wat loop vanaf 1 Julie tot 30 Junie, die opvolgende jaar.

9. Die ledegeld van die nuwe lid gewerf moet elektronies en met die korrekte detail inbetaal word op die korrekte bankrekening van SA Jagters by ABSA (SA Jagters Tjekrekening, Nommer 01443990077, Takkode 632005) en die verwysing van die deposito moet die nuwe lid se voorletters en van wees. Geen inbetaling op enige ander rekening sal aanvaar of in berekening gebring word vir die bereken of betaal van kommissie nie.
10. Die korrekte totale bedrag vir aansluitingsfooie en jaarlikse lidmaatskap moet per EFT oorgeplaas word na die genomineerde rekening van SA Jagters.
11. Alle inbetalings van die korrekte fooie soos hierbo aangedui is moet teen 30 Junie in 'n gegewe jaar afgehandel wees om te kwalifiseer vir die bereken en betaal van kommissie vir die afgelope jaar
12. Indien die lid se van en voorletters nie leesbaar is nie of enige ander verwysing gebruik word met die deposito sal geen kommissie betaalbaar wees nie.
13. Kommissie betaalbaar aan lede en/of agente en/of Takke vir die werf van nuwe lede sal jaarliks teen 31 Augustus gedoen wees en beskikbaar wees vir uitbetaling aan die lid of agent.
14. Wanneer die nuwe lid gewerf is moet die behoorlike en volledig voltooide aansoekvorm en bewys van betaling aan die SA Jagters nasionale kantoor aangestuur word per E-pos by die E-pos adres ansoeke@sahunt.co.za
15. Geen korrespondensie sal met individue of Takke gevoer word oor die kommissie betaalbaar nie. Indien 'n lid die getal lede wat hy/sy gewerf het betwis, moet skriftelike bewys van elke aansoekvorm en bewys van inbetaling gelewer word vir 'n ondersoek.

Voorbeeld

Werwing van 53 lede bestaande uit 41 Gewone lede, 9 jong volwassenes en 3 Juniors

- 41 x R 100 = R 4,100
- 9 x R 50 = R 450
- 3 x R 0 = R 0
- **Totaal = R 4,550** betaalbaar na 31 Augustus die opvolgende jaar.

16. Indien 'n individu of Tak meer gereeld die kommissie uitgekeer wil hê kan dit kwartaalliks gedoen word. Reël asseblief hiervoor met Tommy Liversage by Tommy@sahunt.co.za
17. Enige individu wat belangstel om ana hierdie kommissieskema deel te neem skakel asseblief met Tommy Liversage by Tommy@sahunt.co.za